# Afdeling 1: Wording en beslaggewing

## Hoofstuk 1.1

## GRONDSLAE



**"De Synode besluit, dat de kweekschool te Burgersdorp zoo ingerigt worde, dat er niet alleen predikanten aangevormd worden, maar ook jongelingen zich kunnen bekwamen tot onderwijzers der jeugd, ja dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben, gelegenheid gegeven wordt, naar hunne vatbaarheid gebruik van de school te maken ..."**

**- Handelinge Sinode GKSA 1869, art. 77**

## 1.1.1 "Met 's Heeren hulp ..."

Potchefstroom, Donderdagmiddag 20 Mei 1869.

Die vierde algemene sinodale kerkvergadering van die Gereformeerde gemeentes van Suid-Afrika is in sitting. Aan die orde is 'n beskrywingspunt van Burgersdorp en sommige ander gemeentes vir die oprigting van 'n teologiese kweekskool.

Ten aanvang en "tot leiding der handelingen" lees ds Dirk Postma gedeeltes voor uit die notules van die sinodes van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk van Holland in 1849 en 1854, gedeeltes wat betrekking het op die oprigting van hierdie kerk se teologiese skool. Die voorsitter, destyds **praeses** genoem, ds NJR Swart, stel voor dat die sinode oorgaan tot die oprigting van 'n teologiese skool – indien moontlik.

Geen bespreking is genotuleer nie, net 'n vraag aan die verskillende afgevaardigdes oor welke bydrae daar "in elke land" vir die doel verwag kon word. 'n Sommetjie word gemaak:

| | |
|---|---|
| "Transvaalsche Republiek" | £68 .0 .0 |
| "Oranje Vrijstaat" | £43 .0 .0 |
| "Kaap Kolonie" | £300 .0 .0 |
| **Totaal** | **£411 .0 .0** |

En dan, direk hierna, staan dit kort en bondig opgeteken: "De Synode besluit nu, dat met 's Heeren hulp de **Theologische School** zal opgerigt worden." [1]

In geloof, een in doel en strewe, [2] het die 38 afgevaardigdes dáár in die eenvoudige ou kerkie in Potchefstroom tot hierdie gewigtige stap oorgegaan.

Die stigting van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in 1869 was hoofsaaklik daarop gerig om in die jong kerkgenootskap se akute behoefte aan opgeleide predikante te voorsien. Die oprigters het egter 'n breër visie openbaar, die opleidingsnet van meet af aan wyer gespan: "De Synode besluit, dat de kweekschool te Burgersdorp zoo ingerigt worde, dat er niet alleen predikanten aangevormd worden, maar ook jongelingen zich kunnen bekwamen tot onderwijzers der jeugd, ja dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebbben, gelegenheid gegeven wordt, naar hunne vatbaarheid gebruik van de school te maken, allen onderworpen aan de regulatien der school." [3]

Hiermee is, weliswaar ietwat vaag en bloot in algemene terme, 'n missie uitgespel en is die grondslag gelê vir wetenskaplike vorming wat mettertyd sou uitgroei tot 'n selfstandige universiteit. Om egter die stigtingsdatum van die Teologiese Skool per se as stigtingsdatum van hierdie universiteit – die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys – te beskou, soos wel dikwels gedoen is en steeds gedoen word, is ietwat vergesog, soos mettertyd uit hierdie studie sal blyk. [4]



*1.1.1*


*Gereformeerde Kerk, Potchefstroom. Hier is op 20 Mei 1869 besluit om die Teologiese Skool op te rig en is die saadjie geplant waaruit die latere universiteit sou ontspring. Die omstandighede en atmosfeer wat daar tydens hierdie sinode geheers het, is later só geskryf: "Zie, dat oude kerkje op het ruime kerkplein te Potchefstroom. Klein, vier gewone muurtjes, zonder versiering, kleine venstertjes, strooidak, grondvloer, zelfgemaakte preekstoel, stoelen met riempjes – dat is alles … Deze 38 strijders voor de gereformeerde waarheid zijn meest van vér en met opoffering gekomen. Ze moeten zich hier maar behelpen. Zij zijn thuis, als ik dit woord gebruiken mag, in tenten, stalletjes en huisjes. Sommige ouderlingen moesten te paard hierheen komen. Zij slapen des nachts, met het hoofd op de zadels rustend, in de kerk. Anderen kwamen met wagens en hebben een beter leven. De plaatselike gemeente gaf vlees en beschuit, en ieder kookt zijn eigen potje. Uit die Kaapkolonie en Vrijstaat kwam men vooral met paardewagens. Toen deze door de lange hoofdstraat het dorp inreden, schreeuwden de kinders: 'Die doppers neem die dorp in!' "* . (Het Kerkblad, 15.2.1916)

### 1.1.2 "Dopper"-herkoms

Oor die herkoms en ontstaan van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, in die omgang ook bekend as die "Dopperkerk", is diep en wyd gedelf. Onder meer deur BR Kruger, in *Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, B Spoelstra, in *Die 'Doppers' in Suid-Afrika, 1760-1899*, en JP Jooste, in *Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959*. In sy uitgebreide biografie getiteld *Professor Dirk Postma, 1818-1890*, gee GCP van der Vyver ook baie aandag aan die voorgeskiedenis en stigting van die Gereformeerde Kerk, waarin Postma so 'n prominente rol gespeel het. Die gedenkboek uitgegee tydens die eeufees van die kerk in 1859*, Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1859-1959,* is 'n verdere waardevolle bron oor hierdie kerkgenootskap waaruit die Teologiese Skool en die latere universiteit ontspring het.

Spoelstra voer die begrip "gereformeerd" terug na die Sinode van Dordrecht in 1619 "met sy verreikende betekenis op leerstellige en kerkregtelike gebied ... die natuurlike afronding van die Calvinistiese kerkhervorming in Nederland." Skaars drie dekades later, vervolg Spoelstra, vind die volksplanting aan die Kaap plaas en was hier 'n nuwe, Afrikaanse volk in wording: "Die vermenging van Hollanders, Franse en Duitsers het nie net 'n biologiese nie, maar ook 'n geestelike verandering teweeggebring. Die sin vir vryheid en individualisme in persoonlike, politieke en kerklike sake is beklemtoon. Die gemeenskaplike Calvinistiese inslag van Fransman en Hollander het aan die wordende volk sy streng opvattinge op godsdienstige en sedelike gebied besorg. Dit was waarneembaar in die doodgewone dinge soos die afkeer van dans, drink, kaartspel, weddenskappe, ens." [5]

Die bekeerde Jood en later keiharde Afrikaner nasionalis, ds Jan Lion Cachet – wat 'n baie prominente rol gespeel het in die vestiging en uitbou van die Teologiese Skool met 'n ontluikende literariese departement in sy midde – het in sy *Gedenkboek van het 50-jarig bestaan der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, A.D. 1859-1909* die diepste wortel van die Gereformeerde Kerk teruggevoer tot die koms van Van Riebeeck in 1652 en dit pertinent gekoppel aan Van Riebeeck se gebed tydens die eerste vergadering van die Politieke Raad: "Onze Kerk is slechts de historische voortzetting van de Geref. Kerk van 1652." [6]



***1.1.2***

***Die aanspraak van Gereformeerdes, dat húlle kerk eintlik die voortsetting was van die Gereformeerde godsdiens wat in 1652 saam met Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het, sou nie goed afgaan in die ander Hollandse of Afrikaanse kerkkringe nie …***

Ds Willem Postma (skuilnaam "Dr O'Kulis"), wat as geestelike en politieke meningvormer sterk invloed in kerklike en akademiese kringe sou uitoefen, sluit in sy boek *Doppers* (in 1918 uitgegee) ook hierby aan: "Onse godsdiens is die godsdienst (sic) van Hugenoot en Geus van die bloeitijd van onse egte kristelike adel, is die suiwere godsdiens van die Bijbel, soos gesuiwer deur die Reformasie, soos ontwikkel in die Gereformeerde werke tot op Dordrecht; soos hier geplant deur van Riebeeck die stigter van ons land ..." [7]

Hierdie "kaping" van die geykte VOC-gebed vir die Gereformeerde Kerk, wat in 1859 sy beslag gekry het, is histories dalk nie heeltemal te regverdig nie en het in die te-stigte universiteit se latere stryd om te bestaan en voort te bestaan onderliggend as een van die verdelingskwessies tussen hierdie kerk en ander Afrikaanse kerkgenootskappe gefigureer. Dit gee egter tog 'n aanduiding van die denke van twee persone wat onderskeidelik as direk betrokkene en as meningsvormer ten nouste by die wel en wee van die Teologiese Skool en die wordende universiteit betrokke was.

Die ontstaan van die benaming "Doppers", wat vanaf 1859 op die lede van die Gereformeerde Kerk van toepassing gemaak is, word deur Postma (en andere, soos Spoelstra, in "Bakens en vraagtekens …") teruggevoer na die tydvak kort na die Engelse besetting van die Kaap vroeg in die 19de eeu. Die "Dopper"-element het hoofsaaklik bestaan uit die konserwatief-puriteinse Hollandse families vermeng met enersvoelende Franse en Duitse families, mense wat die nuwe Britse kultuur en lewensbeskouing afgewys en aan die eie lewensbeskouing en tradisies vasgehou het. [8]

Postma haal prof John Murray aan wat in 1877 die woord "dopper" terugvoer tot voor 1847, soos dit toegepas is op 'n groot deel van die boere woonagtig in die Albert-distrik (Burgersdorp en omgewing). Volgens Murray was dit nog altyd die "vesting van Dopperdom". Hy noem by name die families Van der Walt, Kruger, Venter en Coetzee, woonagtig in die wyk Renosterberg tussen Graaff-Reinet en die latere Colesberg, en die Philipstown distrik. [9]

"Die Doppers", sê Postma verder, "wou met die Engelsman niks te doen hê nie, het hom vermij en al


verder die ou kolonie ingetrek, reeds voor die Groot Trek; daarna het hulle onder Potgieter saamgetrek naar Transvaal." [10] Ook Kruger beklemtoon dat die "Doppers" gekant was teen die beleid van anglisering op politieke, maatskaplike en kerklike gebied. [11]

Spoelstra se bevinding klop hiermee en gee verdere toeligting: "Die naam 'Dopper' is voor 1859 deur Engelse amptenare, 'verligte' Kaapse mense en koerante en selfs deur die jong vroutjie van ds Andrew Murray uit die hoogte gebruik om konserwatiewe mense wat vir hulle kultureel en godsdienstig vreemd was, aan te dui. Magistrate uit daardie distrikte rapporteer dat net ongeveer een vyfde van die 'Doppers' in die GKSA tereg gekom het. Die naam het min of meer gesinspeel op 'primitive, uneducated, uncivilised and religious prejudiced Dutch people' omdat "Doppers" opvallend van die Engelse kultuur en 19de eeuse modernisme verskil het. [12]

Die ontstaan van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika in 1959 kan ook herlei word tot 'n kerkstryd wat kronologies saamgeval het met kerklike verdeeldheid in Nederland. Die stigting van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland in 1834 is deur GCP van der Vyver in sy reeds genoemde werk oor Dirk Postma getipeer as "in wese 'n verset teen die Liberalisme van die 19de eeu en 'n reformatoriese terugkeer tot die gereformeerde leer, diens en tug soos nader vasgelê deur die Sinode van Dordrecht (1618-1619)". [13]

Reeds in die dertigerjare van die 19de eeu het daar binne die Ring van Graaff-Reinet 'n stryd ontbrand oor die skriftuurlikheid van die gesangebundel wat in die Kaapse Kerk gebruik is. Tot verdere wroeging van die beswaardes, is hul besware en die stryd daaromheen nie skriftuurlik hanteer en opgelos nie. Besware rakende bedestonde of bidure, nie-Skrifgebonde preke en onsuiwerhede rakende onderwerping aan die kerklike belydenisskrifte, asook die beperking op kerklike en burgerlike vryheid, soos teweeggebring deur die rol en posisie wat die Hervormde Kerk as staatskerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek gespeel het [14], word deur JV Coetzee in 'n artikel in die Gereformeerde Kerk se *Almanak* van 1936 as verdere redes vir die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in 1859 uitgewys.

Oor jare en dekades heen is daar vanuit Gereformeerde kringe verbete stryd gevoer en wal gegooi teen die gepopulariseerde opvatting en beskuldiging uit die geledere van ander kerkgroepe dat die kerkskeuring van 1859 bloot net om die gesangekwessie gegaan het – 'n opvatting wat ongetwyfeld ook op die Teologiese Skool en die daaruit voortspruitende universiteit gereflekteer het. Eksponente van hierdie "beskuldiging" sluit onder meer in prof SP Engelbrecht, in sy studie *Geschiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*, en prof J du Plessis van die NG-kweekskool te Stellenbosch, in sy satiriese werk *Wording en werking van die Gereformeerde Kerk*.



***1.1.3***

***Ds Dirk Postma, eerste "leeraar" van die Teologiese Skool in 1869.***

Ds Dirk Postma, sleutelfiguur in wat deur GCP van der Vyver bestempel is as " 'n krisisuur vir die Christelike kerk in Suid-Afrika", was van oordeel dat die nuutgestigte kerk die ware gereformeerde standpunt heringeneem het, teenoor "het hier diep gezonken Liberalisme". Die gemis aan Calvinistiese prediking het hulle, volgens Van der Vyver, "laat honger na spyse wat hulle in die bestaande Kerk nie ontvang het nie". Die ontevredenheid en gemis het wyd geloop en in Transvaal, die Vrystaat en die noordelike dele van die Kaapkolonie het baie lidmate hulle aan die kerklike gemeenskap onttrek en selfs weggebreek. [15]

Sonder voorbedagte rade sou die koms van die Hollandse predikant Postma na Suid-Afrika, in 1858, as katalisator dien vir die afskeiding van die beswaardes.

Deur die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk van Nederland na Suid-Afrika gestuur om ondersoek in te stel na die dringende behoefte aan geestelike bearbeiding onder stamverwantes in die Transvaalse Republiek, het Postma onmiddellik by sy aankoms bewus geword van die stryd en verdeeldheid in kerklike kringe, veral rondom die gesangekwessie. Nee, meer nog: hy bevind hom dadelik midde-in hierdie stryd. Hoewel hy versoenend optree en 'n skeuring probeer voorkom, noop die onverbiddelike houding

van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk, om die sing van alle gesange afdwingbaar te maak, hom om die vyftiental beswaardes wat hul bande met die kerk verbreek, te ondersteun. Die opkomende leiersfiguur, Paul Kruger, het hom ook in hierdie geselskap bevind. [16]

Op 10 en 11 Februarie 1859 gee Postma rigting aan die samekoms van groot getalle ontevredenes te Rustenburg. Onder 'n groot seringboom, want verlof om die kerkgebou te gebruik is eers deur die plaaslike Hervormde Kerkraad gegee en toe op die nippertjie herroep. Postma het hom hier ook die amp as herder en leraar van die pasgestigte Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika laat welgeval. Pas hierna het Postma verskeie plekke in die ZAR besoek en is daar kerkrade verkies en selfstandige gemeentes opgerig. Hierna is hy op uitnodiging Vrystaat toe, waar hy die voorbereidingswerk vir die stigting van 'n eie kerkgenootskap, deur die bekende Vrystaatse politikus JJ Venter, in die daad help omskep het. So kom die gemeente Reddersburg in Mei 1859 tot stand. [17]


Nuus van die verwikkelinge in die Noorde het wyd geloop en Postma word uitgenooi en preek in 1959 nog op verskeie plekke in die noordoostelike dele van die Kaap (Burgersdorp, Steynsburg en omstreke). Vroeg in 1860 help Postma met die stigting van 'n gemeente te Burgersdorp en daarna kom Colesberg en later Middelburg aan die beurt. [18]


Die pad van hierdie nuwe kerkgenootskap was nie maanskyn en rose nie. Vanselfsprekend sou daar, gesien die kwessies waaroor dit gegaan het, geen danige verhouding wees tussen die onderskeie Hollandstalige kerkgenootskappe nie.

Verskeie versoeningspogings tussen die Transvaalse gereformeerdes en die Hervormde Kerk het misluk en hulle het "altyd meer en meer in stryd teenoor mekaar te staan gekom". Met die Hervormde Kerk in die bevoorregte posisie as staatskerk was die nuwe kerkgenootskap *persona non grata* by die owerheid van die ZAR, wat nooit amptelike erkenning daaraan wou verleen nie. Die staatskerkgedagte is eers in 1889 laat vaar. [19]

In die Oranje-Vrystaat het die vestiging van die Gereformeerde Kerk nie veel reperkussies gehad nie. Interkerklike verhoudinge was goed en die totstandkoming van die kerk is van meet af deur die owerheid erken. [20]

In die Kaapkolonie het die stigting van gereformeerde gemeentes te Burgersdorp en Colesberg met groot wrywing en onenigheid gepaard gegaan. In Februarie 1860 is selfs pogings aangewend om te verhoed dat Postma te Burgersdorp optree terwyl sy betrokkenheid by die stigting van die gemeente Colesberg 'n "uiters onverkwiklike vorm" aangeneem en in venynige polemieke in die openbare pers en lasterlike skinderveldtogte gelei het. [21] Ds Postma





***1.1.4***

***Seringboom Rustenburg. Die foto regs is geneem tydens die Gereformeerde Kerk se sinode in1924, met Prof HH Kuyper in hul midde.*** **(Kyk afdeling 2.3.4)**

was veral die teiken van die wrewel van persone soos proff NJ Hofmeyr en J Murray, hoogleraars aan die in 1858-gestigte Teologiese Kweekskool van die NG Kerk, te Stellenbosch, en dr S Hofmeyr, NG predikant te Colesberg, later Montagu. [22]

Twee dae nadat besluit is op die stigting van die Teologiese Skool, het die sinode dit nodig gevind om die omstandighede en redes vir die afskeiding van die Hervormde Kerk in die ZAR en die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Vrystaat en Kaapland, tien jaar tevore, in 'n openbare verklaring te herbevestig. Dit is duidelik uitgespel dat hierdie jong kerkgenootskap geesgenoot was van die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk (CAGK) in Nederland en dat hulle die Hervormde Kerk in dié land, met wie die ander twee kerkgenootskappe in Suid-Afrika kerklike bande onderhou het, as valse kerk beskou het. Hierdie verklaring is onder meer nodig geag ten behoewe van die CAGK "die nog altijd eenigen schroom betoonde omtrent de wettigheid onzer afscheiding hier te lande". [23] Vir 'n deeglike begrip van die wel en wee van die Teologiese Skool en die later daaruit ontwikkelende universiteit moet deeglik met hierdie standpunt rekening gehou word.

Een van die onmiddellike en ernstigste vraagstukke waarmee die jong kerkgenootskap te doen gekry het, was die voorsiening van predikante aan die groeiende en wydverspreide kerkgenootskap. Vir hierdie doel is daar opgesien na wat as die moederkerk beskou is, die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk (CAGK) in Nederland. 'n Leerling van Postma, ds J Beijer van Leeuwarden, is op Postma se aanbeveling beroep en as predikant te Reddersburg gevestig, vanwaar hy die gemeentes in die Kaapkolonie as konsulent sou bedien.[24] Maar dit was al. Verskeie pogings om verdere hulp vanuit Nederland te kry was onsuksesvol, skynbaar omdat die CAGK nog nie die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika amptelik erken het nie. [25]

Tydens die eerste sinode van die kerk, in Maart 1862 te Reddersburg, het Postma, wat van meet af aan die behoefte gevoel het om eie predikante vir die nuwe kerkverband op te lei, die saak ter sprake gebring en is besluit om solank geld vir die doel in te samel. In Junie 1863 is weer sinode gehou en het geblyk dat slegs £66 ingesamel kon word. Desnieteenstaande is besluit om die insameling voort te sit en is, op voorstel van Postma en na analogie van wat in Nederland gebeur het, [26] die twee predikante gemagtig om kandidate wat vir teologiese studies aanmeld, te help met hul studie. Heel dikwels het hierdie opleiding "te velde" geskied, tydens die vele rondreise van Postma om gemeentes te besoek. Eksaminering en toelating tot die kansel sou deur die sinode geskied. [27]

Op hierdie informele trant het ses predikante in die tydperk 1863 tot 1869 tot die bediening toegetree. Dit was egter bloot 'n tydelike maatreël en dit was net 'n kwessie van tyd – en van fondse – voordat behoorlike teologiese opleiding verskaf sou word. En nie net teologiese opleiding nie. Nee, die nuutgestigte Teologiese Skool sou nie alleen predikante oplei nie, maar ook jongmanne wat onderwysers wou word en selfs "jongelingen, zonder een bestemd doel te hebben", [28] in sy midde akkommodeer. 'n Ideaal is geformuleer …

### 1.1.3 Hoër onderwys in Kaapland

Die onderwysgemeenskap waarbinne die nuutgestigte Teologiese Skool sou funksioneer was ook nog maar in sy kinderskoene. Die eerste roersele van georganiseerde hoër onderwys in die Kaapkolonie het sterk na vore getree in die eerste helfte van die 19de eeu. In 1850 is 'n Raad van Eksaminatore ingestel, wat aanvanklik hoofsaaklik die eksaminering van staatsamptenare behartig het. In 1858 het goewerneur Sir George Grey 'n Raad van Openbare Eksaminatore vir Lettere en Wetenskap (ROE) in die lewe geroep. Skole en kolleges sou in toenemende mate van hierdie liggaam gebruik maak om hul leerlinge se bekwaamheidspeil te toets en die ROE het spoedig ontwikkel tot 'n instelling wat "die verstrooide ligstrale van kennis van oral in die kolonie gebundel en saamgetrek" het.

Vanweë 'n behoefte aan meer gevorderde kennis as die derdeklas sertifikaat (matrikulasie) het verskeie kolleges hulle begin toelê op meerdere opleiding vir graaddoeleindes. Hieronder tel die South African College (SAC) en Diocesan College in Kaapstad, die Grey Instituut te Port Elizabeth en die Grey Kollege te Bloemfontein, die St Andrew's Kollege in Grahamstad, die Graaff-Reinetse Kollege, die Gill Kollege te Somerset-Oos en die Stellenbosch Gimnasium (later Victoria Kollege).

Die SA College (1829 gestig) was ongetwyfeld die leidende onderwysinstansie en aanvanklik was die kanse goed dat dit tot 'n volwaardige doserende universiteit omskep sou word. Teen die sewentigerjare het die situasie egter drasties verander en was daar heelwat konkurrente – al was hulle, net soos SAC, bloot maar net "middelbare skole met 'n handvol ryper studente".

Sluimerende ontevredenheid oor die oorheersende invloed van die Kaapse kolleges (SAC en Diocesan) het gepaard gegaan met 'n reaksie teen die vermeerdering van kleiner instansies – emosies wat vorentoe onlosmaaklik deel sou vorm van die ontwikkelingsage van die universiteitswese in Suid-Afrika.

Die weerhouding van buitelandse erkenning vir die eksamens van die ROE, toenemende mededinging van die eksaminerende Universiteit van Londen, wat sy invloedsfeer tot in die kolonies uitgebrei het, en 'n groeiende behoefte aan 'n doeltreffender stelsel het gelei tot die stigting van die University of the Cape of Good Hope (UCGH) in 1873.

Die UCGH (kortweg ook bekend as Kaapse Universiteit) was bloot net 'n eksaminerende universiteit, op die model van die Universiteit van Londen. Engels was die voertaal en die raad van hierdie instelling het aanvanklik hoofsaaklik uit verteenwoordigers van die Engelse gemeenskap bestaan. Hollands (Nederlands) was bloot 'n keusevak saam met "vreemde tale" soos Duits en Frans.

Wat onderrig op grondvlak betref, kon private of eksterne studente ook vir die verskillende eksamens van die UCGH aanmeld. By die stigting van die universiteit het net die SAC en die Graaff-Reinet kollege van staatsweë erkenning gekry as nagraadse opleidingskole, in die vorm van staatsubsidie vir professorate. In 1874 is hierdie status – en subsidie – uitgebrei na alle kolleges wat gevorderde opleiding verskaf.

Op enkele uitsonderinge na het een na die ander van hierdie kolleges langs die pad uitgesak, en het die nagraadse opleiding vir hulle te veel geword. So het die Grey Instituut en die Graaff-Reinetse kollege mettertyd die aftog geblaas. In 'n ondersoek in 1884 is die spot gedryf met die "professore" en die "senaat" van laasgenoemde inrigting, is dit as belaglik beskou dat knap manne hulle besig moes hou met die onderrig van vyf "seuntjies". Van Gill Kollege, op 'n stadium 'n mekka vir goeie onderwysopleiding, het 'n Kaapse koerant in 1877 geskryf dat hy, met 3 professore en agt studente, hom op die pad na nêrens bevind.

Die Anglikaanse St Andrew's College op Grahamstad het daarin geslaag om kop bo water te hou totdat sy kollege afdeling in 1904 omskep is in die Rhodes Universiteitskollege. Die Diocesan College, daarenteen, het op die lang duur die stryd teen die nabygeleë SA College verloor en teen 1910 sy aanspraak op universiteitstatus prysgegee. Teen 1900 het SA College, op sy beurt, in alles behalwe naam 'n universiteit geword deur sy matriekklasse af te staan. [29]

Te Stellenbosch het die onderwysontwikkelinge 'n patroon gevolg wat in baie opsigte ook die van Burgersdorp en later Potchefstroom sou wees. In 1858-59, na baie dekades se drome en voorbereiding, het die Teologiese Seminarie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy beslag te Stellenbosch gekry, onder meer omdat gevoel is dat predikante nie langer aan die vrysinnige universiteite in Nederland en Engeland opgelei behoort te word nie. [30] Soos by die totstandkoming van die Teologiese Skool te Burgersdorp in 1869 was ook hier 'n sterk behoefte aan "de behoorlijke opvoeding onzer Jongelingschap" [31] maar, anders as op Burgersdorp, is dadelik oorgegaan tot die daarstelling van 'n aparte inrigting, waar ook voorbereiding vir teologiese studie gedoen sou kon word.

So kry die Stellenbosch Gimnasium in die jare 1864-1866 sy beslag as inrigting wat die admissie eksamen vir die teologiese studente en die Sertifikaat van Tweede Klas in Wetenskappe van die UCGH (die latere BA) aanbied. Een van die bepalinge van die nuwe stigting was dat alle onderwys op 'n positief-Christelike grondslag sou berus.

Met die totstandkoming van die UCGH in 1873 en die aanvaarding van die Hoër Onderwyswet van 1874 het Stellenbosch Gimnasium aanspraak gemaak op groter erkenning van staatsweë; kort hierna is 'n "Arts Department" vir die skool gestig en in 1879 het hierdie department heeltemal van die skoolafdeling geskei en op sy eie gefunksioneer, onder die naam Stellenbosch College and Public School. Deur 'n akte van inkorporasie is dit hierna in 'n staatserkende kollege omskep. In 1887, tydens die 50-jarige jubileum van die Britse vorstin, is die Stellenbosch College herdoop na Victoria College, en in 1899 word afstand gedoen van die matriekafdeling. [32]



***1.1.5***

***Prof N Mansvelt het 'n Hollands-Afrikaanse konnotasie aan die naam "Victoria Kollege" geheg.***

Die nuwe naam illustreer enigsins die dualiteit ten opsigte van die karakter van hierdie inrigting: in sy motivering vir dié naam, in teenstelling met "Queen's College", het dr N Mansvelt later onthul dat hy, as destydse professor, daarmee eintlik die oorwinning ("viktorie") van die Hollands-Afrikaanse taal op die gebied van die onderwys bedoel het. [33] Die mediumkwessie, oftewel die stryd tussen Hollands/Afrikaans en Engels op die gebied van hoër onderwys, sou nie net hier aan Stellenbosch nie, maar ook te Burgersdorp en later te Potchefstroom 'n groot rol speel in die ontwikkeling van die onderskeie tersiêre inrigtings. En in die proses sou dr Mansvelt ook prominent figureer in die stryd van die Potchefstroomse instelling om met behoud van karakter 'n volwaardige plek in die Suid-Afrikaanse universiteitsopset te verkry.


### 1.1.4 Visie en missie

Die Christelike en nasionale (Afrikaanse) karakter van die Teologiese Skool dateer onmiskenbaar sedert die geboorte-uur. As eerste dosente van die nuutgestigte opleidingskool sou Postma en Cachet 'n groot rol speel in die vaslegging van hierdie twee hoekstene van die inrigting.

Die breëre opleiding wat die nuut gestigte Teologiese Skool aan die jongelinge wou bied – soos uitgespel in die reeds aangehaalde artikel 77 van die sinode van 1869 – sou pertinent binne die kader van die Christelik-gereformeerde karakter van die Teologiese Skool geskied.

Ds Jan Lion Cachet, wat as "tweede leeraar" hoofsaaklik die onderrig van die algemeen vormende vakke hanteer het, het twee dekades later, by die twintigjarige herdenking van die stigting van die Teologiese skool, só hieroor getuig: "Zal de jongeling zijn weg zuiver houden naar Gods Woord, dan moet hij ook leeren om in en door de Wetenschap God te dienen. De Bijbel moet grondslag zijn van alle onderwijs en daarom stichten wij, twintig jaar geleden eene School op den Bijbel gegrond om alzoo voor land en volk nuttig te kunnen zijn, en de Waarheid Gods ook in Zuid-Afrika te handhaven." [34]

Hierdie nuttigheid vir land en volk en die handhawing van God se waarheid in Suid-Afrika, het hy ook verwoord in wat hy as "die leuz onzer School" bestempel het: "Gereformeerd en Nationaal, Gereformeerd en Afrikaansch". Solank hierdie leuse uitgeleef word, sê hy, sal daar 'n toekoms vir die inrigting wees. [35]



*1.1.6*

***Ds Jan Lion Cachet … het as "tweede leeraar" hoofsaaklik die algemeen vormende vakke hanteer.***

***Die feit dat die oprigters, volgens medestigter Cachet in sy latere herinneringe, in 1869 al gedink het aan 'n Christelike "Hoogeschool", dit wil sê 'n universiteit, regverdig geensins die aanname dat 1869 as stigtingsdatum van die latere Potchefstroomse Universiteit aanvaar kan word nie. En hierdie foutiewe, byna oormoedige aanname het onder meer tot gevolg gehad dat Cachet vir sy dienstermyn as "tweede leeraar" van die Teologiese Skool vanaf 1869 tot 1875 nie in die fotogalery van professore van die Teologiese Skool erken word as 'n "teologiese" professor nie. In 'n oorsigtelike bydrae oor die rektore van die Teologiese Skool tot 1919, in 'n spesiale uitgawe van "Koers" by die herdenking van die (gewaande) 125ste bestaansjaar van die PU vir CHO,*** **(HF van Rooy, "Die rektore van die Teologiese Skool" in Koers-supplement I, 1998: Verkennings in oorgang: gedagtes by die 125-jarige bestaansjaar van die PU vir CHO, 1994, pp 19-26)** ***word hierdie foutiewe aanname verder gevoer, deur voor te hou dat Cachet in dié tydperk (1869-1875) as "literariese professor" gedien het. Die literariese afdeling is eers in 1876 geskep en vanaf die begin van 1877 deur Petrus Postma as eerste literariese professor beman.***

By sy uittrede as professor en rektor van die Teologiese skool in 1911 en met die ideaal van 'n volwaardige eie universiteit lonkend op die horison, het prof Cachet in 'n rede getiteld "Wie veracht den dag der kleine dingen?" (Sagaria 4 vs 10) onomwonde verklaar dat hulle as oprigters in 1869 wel gedink het aan " 'n Christelijke Hoogeschool". Hy spel die onderrigbeleid van die toekomstige universiteit uit as "geen wetenschap die van God afvoert, maar eene die in nederigheid erkent dat zij is Gods dienares en dat haar hoogste eer is God te verheerlijken". En voor sy geestesoog sien hy "mannen ten volle toegerust, wetenschappelijke mannen van de school uitgaan, en werken ten nutte van volk, land en kerk". [36]

Ook ds Dirk Postma – kerkstigter, vader van die Teologiese Skool en "eerste leeraar" van die inrigting – was 'n vurige kampvegter vir Christelike onderwys. Daarbenewens het hy hom ook sterk beywer vir die gelykberegting van Hollands as taal naas Engels en vir deeglike onderwys in vaderlandse geskiedenis.[37]

Postma se kleinseun, Ferdinand Postma, wys 75 jaar later daarop dat die stigters (bedoelende eintlik die eerste twee "leeraars" Dirk Postma en Jan Lion Cachet) vanself Nederlanders was, maar 'n nasionale oftewel Afrikaanse opleiding aan die jeug wou gee en daardeur inderdaad aan die latere Hertzog-slagkreet van "Suid-Afrika Eerste" gestalte gegee het: "Hulle wou nie van Suid-Afrika 'n klein-Nederland of 'n klein Engeland maak nie … dit moet **Afrikaans** wees". Postma (senior) is inderdaad destyds erg deur kollegas in Nederland verkwalik omdat hy so sterk klem gelê het op Suid-Afrikaanse opleiding. [38]

Wat die gereformeerde komponent van die tweeledige missie van die pasgestigte Teologiese Skool betref, kan daar min twyfel bestaan dat dit op hierdie tydstip bloot net geslaan het op gereformeerdheid soos dit binne die voeë van die jong nuwe kerkgenootskap en sy geestelike rolmodel, die Christelik Afgeskeie Gereformeerde Kerk in Nederland met sy Teologiese Skool te Kampen, begryp en beoefen is. Die aanspraak, by monde van onder meer Ferdinand Postma, dat die twee eerste dosente aan die Teologiese Skool van meet af aan "geen **eng-kerklike** standpunt nie" maar wel "die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing" bedoel het, [39] bevat inderdaad 'n innerlike teenstrydigheid aangesien dit, volgens Gereformeerdes van die tyd, slegs die Gereformeerde kerk was wat in Suid-Afrika daardie lewens- en wêreldbeskouing uitgeleef het. Die gelykstelling van "gereformeerd" met "Christelik" het ongetwyfeld ook 'n rol gespeel in die skep van 'n besondere atmosfeer waarbinne die Teologiese Skool vorentoe sou beweeg.

## 1.1.5 29 November 1869 … "Dag van Kleine Dinge"

Op Maandag 29 November 1869 het die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika formeel sy deure geopen. Op Burgersdorp was daar groot doenigheid die voorafgaande naweek, met 'n formele byeenkoms van die Algemene Vergadering van Kaapland die Vrydag (om finale reëlings in verband met die vestiging van die Skool te tref), 'n vergadering van die kuratore op Saterdag en altesaam vier eredienste vanaf Saterdagmiddag tot Sondagaand. Maandagoggend om 10-uur sit die kerk propvol hoogwaardigheids-bekleërs, belanghebbendes en belangstellendes. Die plaaslike magistraat, die heer Alex Stewart, die NG leraar ds Wm Cormack, die parlementêre verteenwoordiger, die kuratore, kerkraadslede van die plaaslike asook naburige gemeentes, die aangewese twee dosente en 'n paar voornemende studente bevind hulle in hierdie uitgelese groepie mense wat met niks anders as 'n geloofsdaad besig was nie. [40]

Die praetor (voorsitter) van die voorafgaande sinode, ds NJR Swart, neem die openingsplegtigheid waar en bevestig daarna die twee leeraars formeel in hul ampte, by wyse van aflegging van "het aloude Dordsche Onderteekenings-formulier voor de professoren der Heilige Theologie", soos dit aan die Teologiese Skool te Kampen gebruiklik was. [41] Hierna volg die formele inskrywing van studente. En só het, soos dikwels in die toekoms daarna verwys sou word, hierdie "dag van kleine dinge" (ontleen aan die Bybelteks Sagaria 4 vers 10), 'n rooiletterdag in die geskiedenis van die Teologiese Skool geword.

Ook wat die dosentekorps betref, was dit maar 'n dag van kleine dinge.

In sy jonger jare maar net 'n "blikslagersknecht" (helper of assistent van 'n loodgieter), het Dirk Postma hom vroeg reeds geskaar by die Afskeidingsbeweging in Nederland en op 20-jarige ouderdom hom aangemeld



***1.1.7***

***Ds NJR Swart. Hy was een van die kandidate vir die tweede "leeraars"-pos aan die Teologiese Skool, 1869.***

vir opleiding as predikant. Deur ywerige selfstudie en na 'n jaar se onderrig deur bekwame leermeester ds TF de Haan het hy eksamens afgelê en predikantstatus verkry. Hiervan skryf sy biograaf soos volg: "Vir 'n deeglike wetenskaplike vorming, hoewel selfstudie daaraan voorafgegaan het, was 'n jaar se opleiding beslis te kort." [42]

As predikant in Nederland sou Postma egter vir baie jare lank intens betrokke wees by privaat opleiding van predikante en het hy ook 'n beduidende rol gespeel in die totstandkoming van die Teologiese Skool van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk, te Kampen.[43] Hy was adjunkvoorsitter van die sinode wat in 1854 tot hierdie stap oorgegaan het en sy naam verskyn ook op die groslys van 11 kandidate vir die vier doseerposte van die pasgestigte opleidingskool. [44] Met die opening van hierdie inrigting, in Desember 1854, was hy een van die sprekers, terwyl hy ook aangewys is as een van die eerste kuratore daarvan. [45]

Bewese organisatoriese vermoë, gepaard met sy onvermoeide ywer en onversteurbare Godsvertroue, het Postma met die nodige vermoëns beklee om studente op te lei. Desondanks was hy self maar baie beskeie en het hy, by sy benoeming as eerste "leeraar" van die pasgestigte Teologiese Skool te Burgersdorp in 1869, geprotesteer "dat mijne wetenschappelijke kennis niet toereikend is tot dat gewigtig en veel omvattend werk". Tog het hy die roeping "met een biddend hart" aanvaar. [46] Tydens die 1873-sinode het Postma weer sy eie gebreke bely en versoek dat 'n bekwamer persoon in sy plek aangestel word, maar sy versoek is summier van die hand gewys. [47]

Die betiteling "leeraars" was in navolging van die Kampen-stigting, waar die eerste dosente nie as professore nie, maar as "hoofdonderwijzers" en ook "leeraren" bekend gestaan het. Die titel het persone aangedui wat teologie doseer, in teenstelling met die benaming "dosent" wat 'n algemene benaming was vir persone wat enige onderwys gee. Die titel "leeraars" was ook bedoel om die draers daarvan op gelyke voet met die kerk se predikante te plaas. [48]

Die sinode en daarmee die Gereformeerde Kerk het inderdaad vir Postma as eerste "leeraar" geërf deurdat die bestaande Burgersdorp-opset van predikant as leermeester en sy pastorie as woning vir die eerste leeraar net so aanvaar is. Daar was egter verskeie kandidate vir die pos van tweede leeraar. Die vraag is gevra of 'n geskikte persoon nie van Nederland bekom moes word nie, maar die sinode het besluit dat slegs uit die aanwesige predikante en proponente gekies moes word. Uit 'n sewetal genomineerde predikante is 'n drietal aangewys: ds J Beijer (4 stemme), ds J Lion Cachet (14 stemme) en ds NJR Swart (18 stemme). Omdat vooraf besluit is dat die verkosene 'n



***1.1.8***

***Die Lion Cachets van Amsterdam, met ouers Simon en Rachel wat in 1849 tot die Christendom bekeer is. Die seuns Jan (links agter) en Frans (regs agter) sou diep spore in die Suid-Arikaanse kerk- en onderwysgeskiedenis trap.***

tweederde meerderheid moes hê, is oorgestem en kry Swart nou 18 stemme teenoor Cachet se 16. Die lot word vervolgens gewerp en val op Cachet. [49]

Swart is bestempel as "iemand van besondere bekwaamheid" en het sy predikantskap as privaat leerling van Postma voltooi. Dit moes vir hom, wat as voorsitter van die sinode opgetree het, ongetwyfeld 'n groot teleurstelling gewees het om by twee stemminge die meerderheid te behaal maar desondanks nie die pos te kry nie. Hy het kort hierna sy amp eensydig verlaat en die pos van goewermentsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek aanvaar, wat tot 'n uiters onverkwiklike twis met ds Postma en die kerkverband gelei het. [50]

Op 22-jarige ouderdom het Jan Lion Cachet, 'n bekeerde Christen uit die Jodedom, in reaksie op 'n oproep vanuit die NG Kerk om geestelike arbeiders, in 1861 vanuit Nederland in Suid-Afrika aangekom. Sy broer Frans was reeds as predikant van dié kerk in Natal werksaam. As gekwalifiseerde onderwyser het hy 'n tyd lank in Kaapstad en daarna in Ladysmith, waar Frans predikant was, skool gehou. Getoë in die dampkring van die sogenaamde Réveil, as verset teen die humanistiese tydsgees en as strewe terug na Gods woord en die belydenisskrifte, en besiel met die Calvinisme, soos dit in Nederland verwoord is deur hervormers soos Bilderdijk, Isaäc da Costa en Groen van Prinsterer, het Cachet spoedig na sy aankoms sy aanvanklike lidmaatskap van die NG Kerk prysgegee

en hom by ds Dirk Postma gevoeg, om privaat as predikant opgelei te word. In 1868 is hy as predikant na Rustenburg beroep. In dieselfde jaar is hy getroud met 'n dogter van sy leermeester. [51]

Met die aanwysing van ds Postma en sy skoonseun as eerste dosente van die pasgestigte Teologiese Skool het 'n era aangebreek waarin hierdie familie diep spore sou trap in die geskiedenis van onderwys en opleiding in Suid-Afrika maar in die besonder aan die Teologiese Skool en sy latere uitspruitsel, die Literariese Departement.

Vyf studente het hulle met die opening van die Teologiese Skool op 29 November 1869 vir die teologiese studie ingeskryf, naamlik (ouderdomme tussen hakies): JSL Venter (37), GA Coetzee (30), LJ du Plessis (24), MPA Coetzee (18) en M Pelser (17). Op 25 April 1870 voeg ook die jong WJ Snijman hom tot hulle geledere. Van die eerste ses studente het die 30-jarige GA Coetzee reeds einde Januarie 1870 tou opgegooi "omdat hij voor zich geen kans ziet, de vereischde kundigheden te leeren" [52].

Voorwaar 'n buitengewone, selfs vreemde situasie: twee van die kerkverband se slegs vier predikante as dosente, met net vyf studente! Wat meer is: "Nie een van die dosente het akademiese teologiese opleiding geniet nie en nie een van die studente het eers behoorlike primêre skoolonderrig deurloop nie."

Dit alles was 'n simptoom van "die enorme behoefte aan opleiding wat in die Afrikaans-gereformeerde samelewing bestaan het". [53] 'n Mate van troos of genoegdoening was moontlik geleë in die feit dat ook die Teologiese Seminaar van die NG Kerk tien jaar tevore, op 1 November 1859, met twee dosente – eertydse predikante – en net vier studente van wal gesteek het. Pogings om professore vanuit Nederland te bekom om die nuwe stigting te beman, was nie suksesvol nie. [54] Studente Du Plessis en Venter het hul studies in 1872 voltooi, MPA Coetzee syne in 1874 en Pelser, Snijman en 'n latere inskrywing JL Maury hulle s'n in 1876. In die kuratore verslag aan die 1873-sinode word verwys na die twee afgestudeerde studente en nog ses wat met hul studies besig is. [55]

Die eksklusiwiteit en die eng gereformeerde karakter van die nuwe inrigting is onderstreep deur die bepaling rakende toelating tot die Teologiese Skool, tydens die 1869 sinode. Die aanvaarde voorstel van ds Dirk Postma het bepaal "dat de leeraren aan de school niet zullen opnemen dan personen in het besit van attesten van lidmaatschap der gereformeerde kerk in **Zuid Afrika**, of kinderen en pupillen van lidmate dier kerk, en die dit niet bezitten niet anders dan met toestemming van het college van curatoren." [56]




***1.1.9***

***Eerste dosente en studente. Die geykte byskrif by hierdie foto lui dat dit die eerste vyf studente en twee dosente aantoon by die opening van die Teologiese Skool op 29 November 1869. Dit is nie korrek nie, soos blyk uit die teks hiernaas. Die foto is waarskynlik by 'n latere geleentheid geneem en toon v.l.n.r. agter M Pelser, JSL Venter, LJ du Plessis, MPA Coetzee en WJ Snijman. Voor sit dosente D Postma en J Lion Cachet.***

Of die laaste sinsnede die deur op 'n skrefie oopgehou het vir potensiële studente van ander plaaslike kerkgenootskappe, en of dit ingevoeg is met die oog op studente vanuit stamland Nederland, is nie bepaalbaar nie. Vorentoe sou met beide moontlikhede te doen gekry word.

## 1.1.6 Setel en huisvesting


Die vraag kan tereg gevra word waarom die sinode van 1869, in sitting te Potchefstroom, besluit het dat die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk dan juis te Burgersdorp in die afgeleë noordoostelike deel van Kaapland gevestig moes word? Was die bakermat van die jong kerkgenootskap dan nie geleë in die


selfstandige Boererepubliek benoorde die Vaalrivier nie – is die groot ou seringboom te Rustenburg dan nie die heimatbaken by uitstek nie?

Die antwoord op hierdie vraag lê grotendeels opgesluit in die persoon van ds Dirk Postma, en die posisie wat hy op hierdie stadium binne die kerkverband beklee het.

Reeds in 1860 laat blyk Postma dat opleiding van predikante plaaslik in Suid-Afrika sal moet geskied. Geïnspireer deur die ywer van hul predikant, ds Dirk Postma, het die gemeente van Rustenburg hulle inderdaad in die vroeë sestigerjare vir die oprigting van 'n Teologiese Skool aldaar beywer en het Postma self tydens die 1963-sinode van die Gereformeerde Kerk 'n sterk pleidooi in hierdie verband gelewer.

Maar in dieselfde tyd, in 1864, het ook die Burgersdorpers in hierdie rigting begin dink, al het hulle self nie eens 'n predikant gehad nie. Hulle het selfs ds Postma vir samesprekinge na Burgersdorp






***1.1.10***

***Burgersdorp, setel van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk. Hier het ook die latere Universiteit, aanvanklik in die vorm van die Literariese Departement, in 1876/77 sy beslag gekry.***

laat kom en kort hierna het die vyf Noord-Kaapse gemeentes gesamentlik 'n beroep op Postma uitgebring as eerste teologiese professor.

Postma was egter huiwerig, en het gevoel dat dit 'n saak vir die breër kerkverband was. Toe die Philipstown-gemeente die bul by die horings pak en by die 1866-sinode aanbeveel dat 'n teologiese skool te Burgersdorp gevestig word, het die sinode egter eers 'n afwagtende houding ingeneem. [57]

Skynbaar het Postma tydens sy besoek in 1864 die moontlikhede te Burgersdorp ingesien. Toe hy dus in 1866 daarheen beroep word, aanvaar hy en sou hy spoedig koers en rigting gee aan die planne vir 'n opleidingskool vir predikante aldaar. [58]

Hoewel daar eers op 'n latere stadium besluit is oor die setelplaas van die beoogde Teologiese Skool, gee die finansiële borgskappe wat ten tye van die besluit deur die sinode bekend gemaak is, reeds 'n aanwyser. Die Noord-Kaapse gemeentes, met Burgersdorp en ds Postma aan die voorpunt, het £300 gebied teenoor die £68 van Transvaal en die £43 van die Vrystaat. [59] Maar dit was nie al nie. Van die algemene kerkvergadering in Kaapland het ds Postma verlof ontvang om aandele te verkoop (eintlik rentevrye lenings aan te gaan) en op die wyse fondse in te samel "teneinde een gebouw, dienende voor de kweekschool, te koopen". [60] Petrus Postma vertel dat sy pa op die wyse ruim £1 000 byeengebring het "om eene woning met gebouwen geschikt voor de School aan te koopen". [61]

Ses weke nadat die kuratore Postma tot fondinsameling bemagtig het, is daar agt aanbiedinge van geboue "voor een tweede Pastorie, wanneer de Theologische School hier moge worden opgerigt". [62] Die huis van ene mnr Wrench is toe vir die bedrag van £1 000 aangekoop en vanaf Oktober 1868 vir 11 maande aan student P Coetzee verhuur. [63]

In April 1869, op die vooraand van die sinodale sitting te Potchefstroom, besluit die Burgersdorpse gemeente om, indien 'n kweekskool wel deur die sinode opgerig word, "al wat hier aan de school bestaat over te maken aan de Synodale inrigting als een present". Gesteun deur die ander Kaapse gemeentes is 'n gebou wat reeds as tweede pastorie aangekoop is, "als vrij en onbelemmerd eigendom aan de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika ten geschenke" aangebied en so aanvaar. [64]

Met verdere verwysing na die tweede pastorie, is seker met groot dankbaarheid kennis geneem dat "het daar aanwezige school ameublement" gratis aan die Teologiese Skool geskenk is. [65] Op 30 September 1869 keur die Burgersdorpse gemeente veranderinge en reparasies aan die tweede pastorie goed, ter waarde van nie meer nie as £43. [66]


Hierdie milde voorsiening in fisiese geriewe, deur die Burgersdorpers en die Noord-Kapenaars onder die bekwame leiding van ds Dirk Postma, het ongetwyfeld 'n groot rol gespeel by die toekenning van die setel vir die nuwe opleidingskool. Ironies genoeg sou juis die kwessie van fisiese geriewe later 'n groot rol speel in Burgersdorp se verlies van die inrigting.

Wat betref die geboue waarin die nuutgestigte Teologiese Skool tot stand gekom het, is eerstehandse inligting maar baie skaars. Petrus Postma, wat vanaf 1877 as eerste professor in die nuutgestigte literariese departement werksaam was, skryf egter soos volg hieroor: "In de eerste jaren ... was de Localiteit voor de klassen maar zeer gebrekkig. Zooals vroeger gemeld was een goed doelmatig gebouw door de Kaap-Kolonie aangekocht als woning voor den tweeden docent. In de achterplaats van dit erf waren eenige kleine kamers van gering aanzien, die als klaskamers gebezigd werden. Ook vond de Bibliotheek daar eene plaats, die al van het begin opgericht was ...". [67]

Ds Cachet is deur die 1869-sinode as "Archivarius Sinodi, en Bibliothecaris van de Theologische School" aangestel. In sy eerste verslag, aan die 1873-Sinode, maak Cachet melding van ruim skenkings van geld asook 'n groot geskenk van boeke deur FJ Venter van Reddersburg en blyk dit dat die helfte van klasgelde (£12 per jaar) vir die biblioteek geoormerk was. [68] 'n Kommissie insake biblioteekaangeleenthede het bevind dat daar steeds 'n groot behoefte bestaan aan uitbreiding en is gevolglik die sinode se ondersteuning in hierdie verband gevra. 'n Sinodale kollekte het die bedrag van £6-2-6 opgelewer. [69]

Petrus Postma verskaf verdere inligting oor die vroegste geboue: "Toen men eenige jaren voortgegaan was, was deze Bibliotheek waarlijk te goed voor de bergplaats haar toegezegd. Het was ook waarlijk onmogelijk om behoorlijk klassen te houden in die buitengebouwtjies." [70] In 'n latere herinnering word die geboue as "ondoelmatig" beskryf. [71]

Tydens die sinode van 1873 het bibliotekaris Cachet gerapporteer dat hy verplig was om 'n aantal boekrakke te laat maak – waarskynlik in die pastorie self. Reeds op die voorafgaande kuratorevergadering is besluit "om een nieuw gebouw te laten maken ten dienste der Bibliotheek" [72] en het die sinode gevolglik ingestem dat, naas reparasies aan die tweede pastorie, "er een buitengebouw in plaats van het oude zal gebouwd worden, van 50 bij 18 voet buitenwerks, dienende voor de Theol. Bibliotheek en andere vertrekken". [73]




*1.1.11*

***Die gebou waarin die Teologiese Skool in 1869 ontstaan het, is na 'n paar jaar afgebreek en in 1876 met 'n nuwe geboutjie vervang. Hierdie gebou is later gerestoureer en dien tans as 'n museum van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk.***



*1.1.12*

***Die Teologiese Skool geboutjie was in die agterplaas van die pastorie (bo), wat deur dosente Dirk Postma en later Jan Lion Cachet bewoon is.***



*1.1.13*

***Die Gereformeerde Kerk Burgersdorp, middelpunt van die kerklike bedrywighede van die studente.*** **(Kyk afdeling 1.3.4)**

Uit die voorafgaande wil dit voorkom asof minstens die voorkamer van die tweede pastorie, wat deur Cachet bewoon is, as klaslokaal gebruik is en dat hierdie gebruik voortgesit sou word. Dit was nie vreemd nie, want meer as twee dekades later sou Totius en medestudente steeds hul opleiding in Cachet se studeerkamer ontvang .

Die boukommissie wat na die oprigting van die nuwe buitegebou moes omsien, het versoek dat by die afbreek van die ou gebou 'n ander vertrek vir die biblioteek verkry moes word. In opvolging hiervan is besluit dat onderwyser J de Ridder, wat na Cachet se bedanking as tydelike dosent aangestel is, vrye inwoning in die tweede pastorie sou verkry "met dien

verstande dat de voorkamer den 2de Pastorie waarin de boekenrekken (sic) zich bevinden zal dienen tot Bibliotheek en Collegie kamer". [74]

Die ou buitegebou, waarin die biblioteek gehuisves was en waar minstens sommige lesings aangebied is, is in die loop van 1875 totaal gesloop en vervang met 'n splinternuwe kompleks bestaande uit 'n groot skoolkamer (20x18vt), 'n kleiner kamer (18x10vt), 'n waenhuis en 'n stal. [75] Dit is nie duidelik welke van die skoolkamer of die kleiner kamer as biblioteek en welke as klaskamer gebruik is nie. Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat die voorkamer van die tweede pastorie voortaan deurlopend as klaslokaal-cum-biblioteek benut is.

### 1.1.7 Akademiese ordening

Die bestuur van die Teologiese Skool was gesentreer in die Kuratorium, wat deur die sinode van 1869 in die lewe geroep is en uit verteenwoordigers van die verskillende "lande" (Kaapkolonie, die ZAR en die Vrystaatse Republiek) bestaan het. Naas die spesifieke opdrag om te sorg vir teologiese opleiding, is die Kuratorium ook gemagtig om aandag te gee aan die onderwys van die jeug. In samewerking met die "leeraars" (later professore), het die kuratore ook toegesien dat die administrasie van die Teologiese Skool vlot verloop en het hulle ook opgetree as trustees van eiendomme en fondse van die inrigting. [76]

In die eerste bundeling van bepalinge van die sinode, in 1876, is die kuratore se taak uitgespel as toesighouding oor die Teologiese Skool, volgens sinode voorskrifte; die afneem van eksamens en "al de stoffelike belangen der school". Tussentydse vakatures kon ook deur hulle opgevul word. [77]

Die breër wetenskaplike vorming, wat implisiet in art. 77 van die Sinodehandelinge van 1869 aanwesig is, het van meet af aan neerslag gevind in die leerplanne van die Teologiese Skool, wat gebaseer was op die wat deur die sinode van die Christelik Afgeskeide Gereformeerde Kerk van Nederland in 1851 vir die totstandkoming van die Universiteit van Kampen in 1854 neergelê is. [78]

Met die amptelike opening van die Teologiese Skool op Maandag 29 November 1869 het die doseeropdragte van die twee dosente soos volg daar uitgesien:


**POSTMA**: Latyn, Grieks, Hebreeus, Logika en Retorika, Bybelse geskiedenis, Godgeleerdheid, Pastoraal, Geskiedenis en die inhoud van die Formuliere van Enigheid, Liturgiese Geskrifte en Kerkregering.

**CACHET**: Hollandse taal en styl, Latyn (jong klasse), Grieks en Hebreeus (beginners), Matesis, Fisika en Metafisika, Oorsig van die Algemene Geskiedenis, Griekse en Romeinse Oudhede, Kerkgeskiedenis, Eksegetiek.

By nadere ontleding van die onderskeie vakpakkette blyk dit dat Postma veral vir die teologiese opleiding verantwoordelik gemaak is terwyl Cachet meer vir die voorbereidende en breër opleiding moes sorg. Van der Vyver se gevolgtrekking, dat in die aanbieding van die kursusse "op die breër universitêr wetenskaplike terrein beweeg is", is 'n ietwat premature en geïdealiseerde aanname en klop nie met die werklikheid nie. Soos in die geval van Kampen, [79] waar daar van meet af aan 'n soort onderskeid gemaak is tussen "voorbereidende" en die werklike "teologiese" studie, moes die pasgestigte Teologiese Skool ook vir sy eie teologiese studente se voor-opleiding sorg. Vergelyk ook in hierdie verband die voorgeskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch, wat 1866 as vroegste wordingsdatum neem: in dié jaar is by die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop ingeskakel, met die aanbieding van die Tweede Klas in Wetenskappe Sertifikaat (die latere BA-graad). [80]

Die mindere gehalte en trefwydte van die opleiding aan die Teologiese Skool het ds Dirk Postma skynbaar baie na aan die hart gelê. Die feit dat sy eie twee seuns hul opleiding aan die Gill Kollege te Somerset-Oos ontvang het, het skynbaar die wenkbroue in sommige kringe laat lig en Postma genoodsaak om dit met 'n formele "meededeeling" teenoor die 1873-sinode te regverdig. Sy rede, naamlik "omdat ik daar voor hun literarische bevordering de beste gelegenheid vond", is 'n bedekte vingerwysing na die kwaliteit van onderrig aan die Teologiese Skool. Maar hy slaak die versugting "dat al de studenten bij ons mochten komen van **zulke voorbereidende scholen**" en voeg veelbetekenend by: "Onze, gij weet het, is eigenlijk eene Theologische."

Met hierdie uitspraak bevestig Postma inderwaarheid die aanname hierbo, dat daar in teenstelling met Van der Vyver se betoog, aanvanklik nie op die breër universitêr wetenskaplike terrein beweeg is nie. Die Teologiese Skool se voornemende breër opleiding, soos tydens die stigting daarvan in 1869 gevisualiseer, was nog nie gerig of gestruktureer nie. Postma het Coetzee verder te woord gestaan oor sy seuns: as hulle ná die literariese eksamens nog predikant wil word, wens hy hulle eers in "onze eigene School zoo ver mogelijk te bevorderen". Daarna sal hy hulle Europa toe stuur om toelating tot die amp te verkry "van een ander gezag dan het onze; want ik ben vader en mijn Collega is hun zwager". [81]



*1.1.14*

***John Brebner. Model onderwyser en losies-pa vir Postma-seuns.***

Predikant-kollega MPA Coetzee jnr was nie baie gediend met Postma se uitleg nie en het in die kerk se mondstuk swaarde gekruis: indien Postma die gesag van die kerk te gering en niksbeduidend ag vir sy seuns, dan geld dit mos ook vir ander kwekelinge, dan nie? Postma was egter nie lus vir redekaweling nie en het volstaan deur te sê dat daar nog nie finaliteit is of sy seuns in die teologie sal verder studeer nie – daarom het hy hulle in algemene bekwaamhede die beste moontlike opleiding laat kry. [82]

Wat Postma nie aan die sinode of aan Coetzee gesê het nie, maar wat ongetwyfeld ook 'n rol gespeel het, is die feit dat die vermaarde Skotse predikant-onderwyser, John Brebner, in 1869 'n professoraat aan Gill Kollege aanvaar het. Brebner het in 1861 vanuit Skotland in Burgersdorp arriveer en het as hoof van die Albert Academy, bestempel as "pionierskool" in die streek, stewige grondslae vir die onderwys op die dorp gelê. Van hom is gesê dat sy sterk persoonlikheid onberekenbaar bygedra het tot die ontwikkeling en vorming van sy leerlinge. Vader Postma het in elk geval so 'n hoë dunk van sy bekwaamhede gehad dat hy sy seuns Marthinus en Petrus saamgestuur het na Somerset-Oos, waar hulle by Brebner aan huis loseer het. [83]

Maar Postma is tog lojaal aan sy eie maaksel. Tydens dieselfde sinode lewer hy 'n pleidooi vir die instelling van 'n eie voorbereidende skool, wat sou meehelp dat diegene wat in art. 77 van die Sinodehandelinge van 1869 as teikenstudente genoem is, t.w. persone wat nie vir predikant wil studeer nie, makliker hul skredes na Burgersdorp sou wend. Tot tyd en wyl die ideaal van 'n eie voorbereidende skool bereik is, stel Postma voor dat voornemende studente 'n sertifikaat moes hê van die tweedeklas eksamen in die letterkunde en wetenskap, afgelê by die Raad van Openbare Eksaminatore in die Kaapkolonie, of 'n gelykwaardige dokument van elders en wel "opdat onze toekomstigen leeraren voorzien mogen zijn met de vereischte kundigheden voor dat groote en gewichtige ambt". [84]

Postma se voorstel is wel "van ganscher harte" toegejuig, maar vir die teenswoordige het die sinode nie daarvoor kans gesien nie. Daar is wel besluit op 'n admissie-eksamen met vereistes "niet hooger dan waartoe een gewoon bekwaam onderwijzer onder onze gemeenten iemand brengen kan". Die inhoud van die admissie-eksamen is nog tydens die sinode deur 'n kommissie soos volg vasgestel: [85] Die grondbeginsels van die Hollandse taal; die beginsels van Syferkuns, Algebra en Matesis; algemene geskiedenis, in besonder die geskiedenis van Suid-Afrika; Bybelse geskiedenis, en 'n oorsig van die kerkgeskiedenis; Aardrykskunde; beginsels van natuurkunde en die beginsels van die Engelse taal.

Die term "literariese studente" het intussen ook al sy verskyning in die notules van die kuratore gemaak. Tydens die 1873-sinode is die kuratore versoek om die moontlikheid te ondersoek om in plaas van die een beslissende eksamen, 'n literariese en 'n eindeksamen as vereiste vir teologiese studente te stel. [86]

## 1.1.8 Beeld na buite

In 'n tyd toe onderwystoestande in Suid-Afrika nog maar in sy kinderskoene was en daar maar bra skepties gekyk is na nuwe inisiatiewe op hierdie terrein, het die aktiwiteite van die Teologiese Skool te Burgersdorp – soos trouens ook dié van ander kolleges – van tyd tot tyd skerp onder die vergrootglas gekom. Die Stellenbosse kweekskool van die NG Kerk het byvoorbeeld reeds voor sy stigting en toe ook by sy ontstaan te make gehad met "donker vermoedens

oor die uitwerking van hierdie stigting".[87] Reeds in die voor-opleidingsfase het 'n korrespondent van die Kaapse blad *De Zuid-Afrikaan*, in Maart 1865 en onder skuilnaam "Veritas", die spot gedryf met die opleiding wat deur Postma en sy "Seminarie" verskaf is.[88]

Tydens die sinode van 1873 het ds Postma, wat ook voorsitter was, dit nodig geag om die sinode se aandag daarop te vestig dat 'n berig oor 'n vergadering van die kuratore wat in die plaaslike koerant (*Burgersdorp Gazette*) verskyn het, "zeer gebrekkig" is en die eer van die kuratore aantas. Hy gee dit deur na die kuratore, met 'n versoek om 'n korreksie te bewerkstellig, en vra die sinode se ondersteuning.

Die betrokke berig, in die uitgawe van 5 April 1873, het inderdaad maar 'n droewige prentjie geskets van die beheerliggaam, onder meer 'n eindelose gekibbel oor finansiële kwessies en die ingebrekebly van lede om volgens regulasies hul magtigings- oftewel lasbriewe in te handig.

Die reaksie van die sinode was nogal ietwat van 'n verrassing: "De vergadering oordeelt, dat zoodanige bemoeiing der Synode over rapporten in couranten gegeven, beneden de waardigheid van zulk eene eerwaardige vergadering is, en besluit dit verzoek van de hand te wijzen."[89]

Dit is te betwyfel of Postma hieroor baie gelukkig was!

Die openbare oog, deur medium van die pers, was egter nie te vermy nie en verdere venynige opmerkings het nie uitgebly nie. So het die streekskoerant *Die Grensburger* in Junie 1875 gewag gemaak van die "beduidend lagere wetenschappelijke eischen" wat aan die opleiding te Burgersdorp gestel was, en dat die Teologiese Skool te Burgersdorp 'n struikelblok was in die weg na eenheid tussen die Nederduitse Gereformeerde en die Gereformeerde Kerk.

Die aanval het 'n deurdagte teregwysing van ds Postma ontlok, wat die koerant die versekering gegee het dat die Gereformeerde Kerk wel "vurig" na die beste opleiding streef.[90]

In 1875 aanvaar ds Cachet 'n beroep na Philipstown. Al die teologiese opleiding word nou behartig deur ds Postma terwyl die literariese vakke deur oud-Hollandse onderwyser Johannes de Ridder en Petrus Postma, seun van ds Dirk Postma en BA-gegradueerde van Gill Kollege, Somerset-Oos waargeneem word. Ook mnr Scrutton, onderwyser aan die Albert Academy, het vir 'n tyd lank as assistent opgetree. De Ridder het ook vroeër vir 'n periode hulp verleen.[91]



***1.1.15***

***Johannes de Ridder, assistent vir literariese vakke.***

Scrutton was waarskynlik JL Scrutton, wat kort hierna 'n Engelse skool te Steynsburg geopen het en deur JA van Rooy beskryf word as "every inch a gentleman".[92]

Die personeelsituasie aan die Teologiese Skool het inderdaad kommer gewek. Van die kant van die studente is 'n ernstige beroep op die 1876-sinode gedoen om die vakature wat deur Cachet se vertrek veroorsaak is, te vul of om minstens die dienste van die assistente te kontinueer. Ook die kuratore het, in oorleg met die dosente, die erns van die saak onder die aandag van die besluitnemers gebring.[93]

Na Cachet se bedanking in 1875 het die *Burgersdorp Gazette* 'n donker toekoms vir die Teologiese Skool voorspel. Dit is te betwyfel of die kuratore "onder de leeraren van de Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika eene bekwame plaatsvervanger zullen kunnen krijgen" en die kuratore word gevolglik geadviseer om iemand uit Holland te kry. Vir tussentydse voorsiening word die name genoem van die predikant van Rustenburg, ds LJ du Plessis, en van Steynsburg, ds MPA Coetzee (jnr).[94]

Ook *De Grensburger* het die aanstaande vertrek van Cachet as 'n gulde geleentheid gesien en die kerk vervolgens geadviseer dat die "geheele Professore-toestel harer kweekskool" hersien moes word. Die

hoogleraarsamp vereis al die tyd en die krag van die man wat die pos beklee; solank die Teologiese Skool onder leiding staan van professore wat tegelykertyd diensdoende predikante is, sê die koerant, "is het zeer moeielijk, indien niet onmogelijk, dat aan de wetenschap zelven door de Professoren die aandacht worden gewijd, die onmisbaar is tot de degelijkheid van een Theologisch Instituut". Nee, meer nog: die kerk het genoeg middele om twee professore, "zoo goed als de wetenschap ze immer eischt", te besoldig.

As redakteur van *De Maandbode* het Postma die artikel volledig in sy blad oorgeneem. Hy bedank vir die kommentaar en sê dat dit heeltemal in lyn is met sy eie denkpatroon, soos reeds tydens die 1873-sinode openbaar. Hy verseker die koerant dat hy met so 'n voorstel na die volgende sinode sal gaan. [95]

Van buite onder die vergrootglas van 'n skeptiese, kritiese en by tye selfs vyandiggesinde gemeenskap, het daar tog van binne ook selfondersoek gekom, ter wille van standaarde. En het dit aanleiding gegee tot besluite en optrede wat verreikende gevolge sou hê.